retoriese aspekte nie, maar inderdaad eers die briewe "deretoriseer" voordat hulle poog om die teologie te rekonstrueer. Thurén illustreer hierdie benadering deur een van die moeilikste sake in die Pauliniese navorsing, naamlik deur Paulus se siening van die wet. Hy bespreek opeenvolgens Paulus se siening van die wet in Galasiërs, in Romeine en 1 Korintiërs (onder die interessante opskrif "the law strikes back"!), en, laastens, die vraag "Wat was volgens Paulus verkeerd met die wet?" Deurgaans let Thurén baie noukeurig op die retoriese aspekte en probeer dan ook onderskei tussen dit wat toegeskryf kan word aan die retoriese situasie en wat regtig Paulus se siening sou wees.

Myns insiens is Thurén se studie 'n belangrike bydrae tot die verstaan van Paulus se teologie. Die leemte wat hy uitwys, is dat retoriese analises van Paulus se briewe dikwels deur die Nuwe-Testamentici wat op Paulus se teologie konsentreer, as iets apart en soms selfs irrelevant vir die verstaan van Paulus se teologie beskou word. Thurén slaag daarin om die relevansie van retoriese analises vir die verstaan van Paulus se teologie aan te dui. Ek kan nie orals met sy interpretasie saamstem nie, byvoorbeeld ten opsigte van sekere aspekte van Paulus se siening van die wet in Galasiërs. Ek stem nie saam met sy siening dat Paulus gedink het dit is onmoontlik om te doen wat die wet vra nie. (Hy was wel van mening dat dit 'n doodloopstraat is aangesien 'n mens deur die geloof in Christus geregverdig word.) Ek dink ook dat Thurén se rekonstruksie van Paulus se siening van die wet in Galasiërs dalk uiteindelik te positief is, maar miskien sal ander Nuwe-Testamentici anders oordeel.

Samevattend: Thurén se studie is 'n belangrike en noodsaaklike bydrae tot die debat oor Paulus se teologie — en spesifiek ten opsigte van Paulus se siening van die wet.

Prof. D. F. Tolmie.

John Macquarrie

## TWENTIETH CENTURY RELIGIOUS THOUGHT

London: SCM. 2001. 496 pp.

Hierdie klassieke werk verskyn in dié uitgawe (die vyfde sedert 1963) met volledige en uitgebreide aandag aan die jongste temas in die filosofie en

teologie. Dat dit 'n werk van hoogstaande gehalte en akademiese inhoud is, word bevestig deur die erkenning wat dit geniet in teologiese literatuur.

Daar word volledig aandag gegee aan die hooftemas van die twintigste-eeuse teologiese denke. Idealisme, pragmatisme, eksistensialisme en vele ander strominge word deeglik bespreek. Wat egter van besondere belang is, is die feit dat die post-modernisme ook bygewerk is. Post-moderne filosowe soos Levinas, Lyotard en Derrida word bespreek. Daarnaas word die post-moderne teoloë soos Taylor, Ward en Marion ook aan die orde gestel.

Macquarrie kritiseer die gedagtes van die post-moderne filosowe en teoloë, maar toon ook aan dat die groot vrae van die twintigste eeu weer na vore kom. Die hoofkritiek teen Derrida kom ook hier voor. Derrida slaag volgens hom nie daarin om self te ontkom aan die kritiese metode wat hy aanlê om alle ander filosowe te beoordeel nie.

Wanneer Macqaurie die teoloë van nader bekyk, wys hy daarop dat die tema van die dood van God en die dood van die mens opgevolg word met die tema van die einde van die geskiedenis en die einde van die boek. Dit beteken onmiddellik dat die groot of absolute verhale ("grand narratives") ook verdwyn. Taylor dui dan ook volgens hom aan dat die dood van Christus die dood van God is en ook daarmee saam die selfopofferende laaste daad is waarin die individu ook moet sterf. Macquirrie toon aan dat die gesprek met die teoloë steeds sal voortgaan.

Die beoordeling van so 'n gerespekteerde skrywer spreek eintlik vanself. Sy werk is deeglik, omvattend en indringend. Dit is net nie moontlik om ligtelik met so 'n werk om te gaan nie. Soms verwag 'n mens dat hy meer implikasies sal uitspel, veral wat die post-modernisme betref, maar dit sou die werk nog meer omvattend maak. 'n Noodsaaklike boek op die rak van enige teoloog!

Prof. P. Verster.

Adrio König

## DIE HELFTE IS MY NOOIT OOR JESUS VERTEL NIE

2001. Lux Verbi.

Die titel van die boek trek onmiddellik die oog en prikkel die belangstelling. Veral in die konteks van die Jesusdebat is die boek se tydsberekening uitstekend. In die voorwoord maak König dit duidelik waarom hy die boek